Pectora roborant cultus recti

# Die Matie

TWEEWEEKLIKSE STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT
UITGEGEE ONDER BESKERMING VAN DIE SR

Jaargang XXXIV Nr. 6 PRYS 10c

VRYDAG, 25 JULIE, 1980

# SR—LEDE: NUWE BEDELING KAN KOM

TYDENS die voorlaaste sitting van die Studenteparlement op 19 Mei 1980 is 'n komitee saamgestel om enkele riglyne neer te lê vir 'n nuwe reglement vir die Studenteparlement van die Universiteit van Stellenbosch.

Gedurende die betrokke sitting is daar kritiek uitgespreek teen die tans onbevredigende reglement van die Studenteparlement. Derhalwe is die komitee in die lewe geroep om enkele suggesties duidelik te formuleer vir die hervorming van hierdie liggaam.

Die Studenteparlement het hierdie jaar baie duidelik getoon dat hy oor die vermoë beskik om, eerstens, sinvol 'n debat te voer, en tweedens, verantwoordelik standpunt in te neem oor 'n wye veld van onderwerpe, hetsy studentesake of politieke aangeleenthede. Van besondere betekenis was dat al hierdie sake en mosies bespreek was sonder die deelname van die Studenteraadslede. Dit behoort aan te toon dat nog die Studenteparlement, nog sy lede hoef terug te staan vir die Studenteraad. Daarom is dit ook geredelik aanvaarbaar dat wanneer dit besef word, die noodsaaklikheid ingesien sal word dat die Studenteparlement uitvoering aan sy eie besluite wil gee.

Die komitee het van die volgende basis af gewerk:

(i) Verteenwoordiging op die Studenteparlement,
(ii) die outonomiteit van die liggaam,
(iii) en die doel.

Om hierdie drie uitgangspunte te formuleer, het die komitee verskeie outoriteite genooi om te kom getuig voor die kommissie. Ongelukkig het slegs ongeveer 50% van die genooide persone kom getuig. Desnieteenstaande het dit die komitee nie verhoed om wel duidelike riglyne daar te stel wat na vrugtevolle samesprekings met die rektor en visie-rektor breedvoerig aan die studente-unie van Stellenbosch voorgelê sal word.

In kort kom verteenwoordiging op die volgende neer.


Die Studenteparlement vorm 'n middelvlakliggaam wat gekies word uit die koshuise. Elke koshuis vorm 'n kiesafdeling wat volgens inwonertal proporsioneel lede vir die Studenteparlement uit eie geledere kies. Privaatwyke word ook as kiesafdelings gereken. Uit die Studenteparlement word die SR-lede gekies wat aldus die uitvoerende komitee van die Studenteparlement vorm. Die SR-lede word deur die Studenteparlement gekies nadat alle koshuise verteenwoordigers aangewys het vir die Studenteparlement wat potensieël op die SR kan kom. 'n Kanaal word oopgelaat vir nominasie van enige vyf verdere lede uit die gemeenskap van Stellenbosch. Met ander woorde, prakties kan 'n kiesafdeling wat net twee lede toegelaat word deur middel van hierdie kanaal nog 'n lid op die Studenteparlement kry indien daar drie bekwame lede in een kiesafdeling blyk te wees.

Teen hierdie agtergrond sal die hele struktuur van die Studenteparlement en SR as een geheel gesien word. Die SR sal altyd binne die konteks van die Studenteparlement opereer. Breedweg vorm die SR die administratief-uitvoerende liggaam van die Studenteparlement. Volgens hierdie proses sal potensiële SR-lede aan 'n skolingsproses onderwerp word alvorens verkies tot die SR.

Indien hierdie stelsel in beginsel goedgekeur word deur die Studenteparlement, sal die hele proses en werking duidelik uiteengesit word en bekendgestel word aan die studente-unie van Stellenbosch.



*Die SP-komitee wat ondersoek instel na 'n nuwe grondwetlike bedeling vir Stellenbosch het onlangs saam met die Rektor en Vise-rektor vergader. Op die foto verskyn staande v.l.n.r.: Nikkie Barnard, Wynand Nel (voorsitter van die S.P.), Francois van der Merwe (voorsitter van die komitee), Deon van Niekerk en Coenraad Pieterse. Sittende v.l.n.r.: Rosina Roelofse, Prof. de Vries, Henriëtte Pretorius en Prof. de Villiers. Afwesig: Thomas Tyler.*



*Mnr. Riaan Burger staan ontredderd voor sy toenmalige parkeerplek.*

## H. VISSER LY OOK

DIE parkeerprobleme waarmee sekere studente te doen het (berig hiernaas), is beslis nie 'n geïsoleerde geval nie. Trouens, Huis Visser sukkel al die afgelope ses jaar om 'n oplossing vir hul probleme te verseker, aldus mnr. Dirk Lamprecht, primarius.

Huis Visser is naamlik in dié unieke posisie dat hulle die enigste manskoshuis is wat nie oor amptelike parkeerplekke beskik nie. Elke inwoner wat 'n motor besit, moet nogtans R10 registrasiegeld betaal. 'n Paar plekke is wel by Irene aan Huis Visser-manne toegeken. Huislede wat nie hierdie (on)gerief wil verduur nie, verkies om voor die koshuis te parkeer.

Kampusbeheer beweer dat die grond nie onder hulle jurisdiksie val nie, aangesien dit Munisipale eiendom is. Die Munisipaliteit, volgens mnr. Lamprecht, verseker dat die grond deur Kampusbeheer geadministreer moet word.

'n Huislid wat dus met sy motor wegry vanaf sy staanplek, waarvoor hy R10 moes betaal, loop die gevaar dat 'n dagstudent, wat daar naby klas loop, op sy staanplek kan kom parkeer. Sulke gevalle het alreeds voorgekom en elke keer het Kampusbeheer geweier om teen die skuldiges(?) op te tree. Hopelik sal hierdie lastige turksvy ook spoedig opgelos kan word.

## Studente verontrief

# PARKEERRUIMTES LOL

PARKEERPLEKKE, of liewers die gebrek daaraan, is 'n probleem waarmee Stellenbosch al lank opgeskeep sit. 'n Bevredigende oplossing vir die toenemende verkeer sal seker nooit gevind word nie. Die aanhouding van motors op die kampus word egter streng deur Kampusbeheer geadministreer. Met die betaling van R10, kan 'n gemagtigde student die hele jaar verseker wees van sy eie parkeerplek.

## PLANNE WERK NIE

GEBREK aan kommunikasie was waarskynlik die oorsaak van hierdie parkeerprobleme. Dit blyk uit 'n onderhoud wat Die Matie vandeesweek met mnr. W.J. Roos van die Beplanningsafdeling gevoer het.

Die Beplanningsafdeling van die Universiteit is verantwoordelik vir die beplanning van terreinveranderings op die kampus. Die Afdeling volg 'n vyfjaar plan wat deur die Universiteitsraad goedgekeur is. Hierdie plan sluit die gedeelte in waarom die bestaande probleem ontstaan het. 'n Oorspronklike plan is opgestel en aan Kampusbeheer en Tuinbou-Afdeling gestuur op 24 April 1980.

Op 'n perseelvergadering in die middel van Mei het die Beplanningsafdeling wysigings op die oorspronklike plan aangebring. Kampusbeheer is nooit hiervan skriftelik in kennis gestel nie.

Onmiddellik nadat die werk aan die gewysigde gedeelte begin is, het Kampusbeheer dit egter besef. Hulle het die Beplanningsafdeling daaroor genader wat destyds tot 'n konfrontasie tussen die twee groepe gelei het.

Ongelukkig het verskeie parkeerprobleme ontstaan as gevolg van ontwikkeling wat op die kampus plaasgevind het. Mnr. Riaan Burger, primarius van die Spookhuis, en een van die studente wat sy parkeerplek verloor het, het die posisie verduidelik.

Aan die begin van Junie is die toegang tot die parkeerplekke van 'n klomp dagstudente, langs die Langenhoven-sentrum, versper toe daar begin is met die teer van die straat agter die Jan S. Marais-gebou. **Geen een van die betrokke studente is vooraf daarvan in kennis gestel dat hulle vir 'n tyd lank die gebruik van hulle parkeerruimtes ontneem sou wees nie.** Sommige van die ruimtes, onder andere mnr. Burger s'n, het heeltemal verval, aangesien 'n randsteen daar opgerig is.

Mnr. Burger was in die ongelukkige posisie dat hy dromme aangetref het waar sy parkeerplek was. Hy het hom na 'n Kampusbeheerbeampte om hulp gewend wat hom aangeraai het om maar êrens onwettig te parkeer. 'n Rukkie lank het hy sy motor parkeer op die besoekersplekke by die Biblioteek, maar is ook daar deur 'n beampte verwyder. Die afgelope twee maande ry hy nou al op en af om êrens 'n (onwettige) parkeerplek te soek. **Tot op datum is hy nog nie amptelik ingelig dat hy sy parkeerplek verloor het en dat 'n nuwe plek moontlik aan hom toegeken is nie.**

Mnr. Eugene Roux, wat in Papagaaiberg woon, se posisie is nog effens meer benard. Hy kon sedert Februarie, toe hy sy motor laat registreer het, nog nie die gebruik van sy parkeerruimte benut nie, aangesien daar toe alreeds slote gegrawe was. Hy parkeer dus al ses maande onwettig. Alhoewel mnr. Roux sy posisie aan Kampusbeheer verduidelik het, kon hulle nie 'n ander plek aan hom toeken nie. Ook hy het nog geen amptelike kennis van enige aard ontvang nie.

Waaroor mnr. Burger die ongelukkigste voel, is die feit dat hy al twee maande moet "rondswerf".

## Kampus

DIE Afdeling Kampusbeheer is verantwoordelik vir verkeerbeheer en parkering op Universiteitsterrein en ons het by mnr P.S.H. van den Elzen gaan navraag doen oor die ongelukkige situasie wat hom voorgedoen het. (sien berig)

Verskeie Universiteitsinstansies laat soms veranderinge aanbring aan die bestaande parkeerruimtes. In sulke gevalle lig die betrokke instansies Kampusbeheer gewoonlik vooraf in van voorgenome wysigings aan parkeerruimtes. Dit wil dan voorkom asof die verantwoordelike owerheid versuim het om Kampusbeheer van die veranderinge aan die parkeerruimtes in te lig, aldus mnr. Van den Elzen.

Klaarblyklik was die Beplanningsafdeling verantwoordelik vir die aanbring van die veranderinge. Ongeag wie vir die situasie verantwoordelik was, het dit studente, wat betaal vir hul parkeervak, baie verontrief. Dit wil voorkom asof die probleme ontstaan het weens gebrekkige administrasie.

Mnr Van den Elzen het ontken dat hy enige kennis dra van studente wat kom navraag doen het oor die verlies van hul parkeerplekke.

## Matietoer

DAAR is nog 'n paar plekke beskikbaar op die Matietoer 80 wat reeds 27 November na Europa vertrek. Studente wat belangstel om te gaan, moet R150 deposito voor 31 Julie by die SR-kantoor inbetaal.

'n Vinnige kykie na die toerplan bring die versekering dat hierdie beslis nie die alledaagse nou-gaan-ons-na-'n-park-en-museum-kyk-toer is nie. Inteendeel, elke toerlid sal ses volle dae en ag middae vry hê om interessante plekke op horings te neem.

Besoek word gebring aan agt lande met onder andere vier dae in Griekeland. 'n Dag se bootreise om die eilande is ook op die spyskaart! Kersfees word in Athene deurgebring.

Verdere inligting en 'n volledige reisplan is beskikbaar by die toerleidster, mev. Vi le Roux, by die Studenteraadskantoor.

**EKSKLUSIEF!**

Lees in die volgende MATIE.

**REEKS OOR FRANS ROELOFSE**

Mnr. Roelofse was dikwels omstrede. Sommige het hom aangehang, ander het hom "afgeskiet." Maar hy het altyd reaksie uitgelok. Hy gaan reguit gesels oor die afgelope paar jaar se Studenteraad-bedrywighede. In die proses gaan hy op 'n hele paar tone trap. Reguit dinge gaan gesê word. 'n Reeks vir elkeen wat in Stellenbosch en sy studente belangstel.

# Doop: Bespotting van Realisme

JEREMY ZIPP skryf:

DIT is my eerlike mening dat die wyse waarop eerstejaars by hierdie universiteit behandel word glad nie op verwelkoming neerkom nie.

Ek dink dit is nou hoogtyd dat die koshuise hulle eerstejaarsprogramme in heroorweging moet bring. Die beginpunt is die doel voor oë wanneer programme opgestel en uitgevoer word. Myns insiens behoort die doel te wees dat die eerstejaars Maties word.

Daarmee bedoel ek:

1. dat hulle geleenthede gegee moet word om soveel studente as moontlik tyontmoet.

2. dat hulle 'n basiese kennis van die Universiteit en van Stellenbosch moet opdoen, veral van wat akademies en op die terreine van sport en sosiale lewe aan hulle gebied word.

3. dat hulle 'n duidelike geheelbeeld moet kry van die akademiese dissiplines waarin hulle belangstel en dus 'n mate van sekerheid oor hulle keuse van akademiese program.

4. dat die eerstejaars in hulle koshuise moet tuis voel en gelukkig wees.

Die verwelkoming behoort 'n intense, nuwe ondervinding te wees – die tipe van ondervinding wat 'n mens by 'n kongres of 'n kultuurfees beleef. Die eerste twee weke sou dus die volgende kon insluit: 'n druk program van inter-koshuis sport; veel sosiale byeenkomste soos braaivleise saam met hulle koshuis se seniors, die eerstejaars van 'n ander koshuis, die eerstejaars en dosente van hulle fakulteit, sowel as sokkies en formele danse; staptoere van die kampus en van Stellenbosch; toneel stukke en konserte aangebied deur drama- en musiekstudente en USAT; inleidende lesings deur die fakulteite en 'n lesing deur elke departement (wat 'n paar keer aangebied word) oor 'n aktuele of interessante aangeleentheid wat ook die toepassing van daardie dissipline illustreer; lesings oor (normale) seks, sensualiteit en voorbehoedmiddels; die kleure-eksamen; toesprake en seminare gereël deur die verenigings.

Maar daar moet nie net dinge vir hulle gedoen word nie – hulle moet ook self dinge doen, bv. deelname aan sport, aanbieding van konserte en kort toneelstukke (waarvoor hulle ten minste vir een week kan voorberei). Deur aan positiewe aktiwiteite saam deel te neem sal hulle vriende vind, meer selfvertroue vind en op die kampus en in die koshuis tuis voel. Elke indiwidu sal sy eie plekkie in die son op Matieland vind.

Op 28 Mei is daar 'n artikel oor ontgroening in Die Burger gepubliseer. Verskeie universiteite is gevra om kommentaar te lewer, en 'n woordvoerder van Stellenbosch het ondermeer gesê dat ongroening geruime tyd nie meer plaasvind nie. Dit is nie korrek nie en ek het protes aangeteken deur 'n brief aan Die Burger te skryf wat hulle op 9 Junie gepubliseer het. Ek wil nou kortliks op die vier briewe wat in antwoord op my brief in Die Burger gepubliseer is, kommentaar lewer.

Ene "luitenant" het my ondersteun. Dat eerstejaars gedwing word om in politieke en ander vraagstukke die huis se standpunt te ondersteun is moontlik (maar onnodig en 'n verwerping van indiwidualisme). Ek wil net sê dat dit in Helshoogte (my oud koshuis) nie die geval is nie. 'n Dame wat in 1979 'n primaria was, het ten minste erken dat met ontgroening besef hulle gou hulle is maar net eerstejaartjies, en definitief nie die koning se kat se neefs nie." Volgens haar, kweek ontgroening" 'n mooi, gesonde en lojale gees jeens jou koshuis." Dit is juis waar ek verskil – die gees is glad nie mooi en gesond nie. Eerstejaars wéét as hulle hier aankom dat hulle nuwelinge is. Dis onnodig om hulle te ontgroen om hulle dit te laat besef nie. Die klein minderheid wat "too big for their boots" is, sal gou hulle koppe stamp, en dis onnodig en onoordeelkundig om alle eerstejaars in "dieselfde verknorsing" te plaas – inteendeel, dan sal dié minderheid nooit deur eie optrede hulle koppe stamp en daardeur leer nie. Die eerstejaars in "dieselfde verknorsing" te op te tree nie.

Mnr. Johan Kellerman beweer dat my idee omtrent ontgroening "'n felle mistasting omtrent 'n instelling (en 'n goeie gebruik) vir die inkorporering van nuwelinge in 'n vreemde sosiale sisteem" is. Ek het glo "Afrikaanse woorde soos 'geesverkragtingsproses' te oordadig" gebruik. Ek het geesverkragting bedoel en ek staan daarby – doop is geesverkragting. Vir mnr. Kellerman het die waarde van die uitgawing "in die seën wat deur die inwonende hoof oor ons as nuwelinge uitgespreek is, met die bede vir 'n voorspoedige toekoms" gelê. Dis alles goed en wel, maar die seën kan nie die psigologiese druk wat op die eerstejaars geplaas is en die wyse waarop hulle gedurig verneder is, goedpraat nie.

Die huiskomitee van Dagbreek het beswaar aangeteken omdat ek beweer het dat mnr. B.J. Vorster gesê het dat Dagbreek met ontgroening moet voortgaan tensy hulle iets beter in die plek daarvan vind. Hulle sê dat daar eintlik oor die tradisies (en glad nie oor ontgroening) gepraat is. Ek vra om verskoning dat my bewering nie heeltemal korrek was nie. Maar daar is myns insiens min om oor verskoning te vra. As daar oor die tradisies van Dagbreek gepraat word, word ontgroening (tesame met ander gebruike) daaronder verstaan of nie? Die antwoord is "Ja".

Wat my veral omtrent mnr. Kellerman en Dagbreek se briewe pla (ek dink dit sal ook geld vir die meerderheid van die verwelkomingsprogramme wat alle koshuise by die Vise-Rektor moet indien) is 'n sekere oneerlikheid. "Die huiskomitees van die koshuise laat hulle streng lei deur die maatreëls wat deur die owerheid bepaal is", en "Wanpraktyke teenoor eerstejaars is selfs met skorsing strafbaar." Ek dra kennis van die besonderhede van die doop in 'n hele klompie koshuise: en in elkeen van daardie koshuise word baie van die verbode prosedures toegepas. Die huiskomitees en studente moet ten minste die grootmoedigheid en eerlikheid hê om die feite van die doop in hulle koshuise (en privaatwyke) te erken – en om hulle selfs bekend te maak. Hulle staan voor die uitdaging om hulle doopprogramme rasioneel in die openbaar te regverdig. Maar het hulle die moed daarvoor? Sal hulle elke prosedure objektief beskryf en dit dan regverdig?

Dit is veral van belang dat die gees waarin die eerstejaars behandel word (en dus die gees waarin die eerstejaars die ondervinding deurgaan), aanvaarbaar en positief moet wees. Dit sou, myns insiens, oortredings van reëls deur die Universiteit neergelê selfs in 'n mate verskoon. Vanjaar se eerstejaars moet versigtig wees dat hulle uitsprake en menings oor hulle ontgroening eerlik is. Hulle moet sorgvuldig elke stap van wat aan hulle gedoen is, en die wyse waarop dit gedoen is, deurdink voordat hulle daaroor begin argumenteer. Hoe hulle gevoel het, is 'n belangrike faktor. 'n Voorbeeld: in sekere koshuise was onaangename fisiese straf "vrywillig" (têkkie-parties, "renmotors" ens.) Die eerstejaars moet self nou analiseer of hy werklik die keuse gehad het om deur seniors geslaan te word of nie. Was hy bang vir die gevolge van weiering? Waarom het hy gesê "Ek kan dit vat"? enige persoon wat werklik vrywillig besluit om ander toe te laat om hom te slaan, is nie heeltemal reg nie ( gaan julle nou sê dat dit nie eintlik so baie seer was? ) of is hy masochisties.

Ek kan met baie van die doelstellings van huiskomitees saamgaan: lojaliteit teenoor die koshuis, die koshuisreëls leer, 'n sekere dissipline in die koshuis wat nodig is omdat so baie mense daar moet saamwoon, ens. Maar die doel is nie regverdig vir die middele nie. Dat die eerstejaars en seniors almal se name moet leer is nie verwerplik nie. Maar as die eerstejaars uitgeskel, geslaan en gevloek word omdat hulle nie 'n senior se naam kan onthou nie, dan moet daar liefs van die leer van mekaar se name vergeet word. Daar is beskaafde metodes om dié doel te bereik.

Tradisie is 'n lekker ding. Ek hou persoonlik van tradisie. Jy kry daaruit gevoel van sekerheid en deel van iets wees. Maar ons moet na die toekoms kyk en die moed vind om dinge wat nie in die toekoms tuis sal wees af te skaf. Verder kan 'n prosedure nie regverdig word omdat dit tradisioneel elke jaar vir 20 of 60 jaar gedoen is nie.

Stellenbosch is 'n universiteit. Dit veronderstel dat jongmense hulle finale opvoeding ontvang om hulle vir die lewe en hulle gekose professies voor te berei. Hulle moet hierna die buitewêreld alleen as indiwidue ingaan en hulle filosofie en die dinge waaraan hulle glo probeer uitleef en toepas. Daar is 'n geweldige verantwoordelikheid op gegradueerdes in Suid-Afrika: minder as 'n half persent van die bevolking voldoen aan twee vereistes – hulle het grade, en hulle werk. Nou vra ek of die volgende hiermee rym. Die houding dat eerstejaars moet leer om te besef dat 'n prys betaal moet word om 'n ware lid van 'n koshuis te word; dat hulle "gehelp" moet word om nederig en onderdanig te bly; dat hulle geforseer moet word om te "besef" dat hulle maar net eerstejaars is; "Dink jy jy's 'n indiwidu? Jy kan nie 'n indiwidu in hierdie koshuis wees nie."

Ongevoelige, belaglike, simpel, onvolwasse praktyke het nie 'n plek by hierdie universiteit nie.

Baie van die dooptegnieke is op sigself nie so erg nie. Maar gesien in die lig van doop en die aanmekaar geskreeuery word hulle werklik vernederend en deel van die psigologiese druk. So byvoorbeeld kan die dra van naamkaarte (wat eintlik 'n goeie idee is) 'n belediging vir 'n persoon se karakter en persoonlikheid word – veral as die kaarte elke dag opgeskeur word, as 'n foto van jou meisie of jou kêreld daarop geplak moet wees, en as die kaarte buitengewoon groot moet wees. Ek sou selfs nie teen die verpligte dra van ordentlike naamkaarte deur alle studente orals op die kampus vir die eerste drie weke wees nie. (Dosente en universiteitspersoneel kan hulle ook maar dra.)

Ek doen weer 'n beroep op alle huiskomitees om elke stap van hulle program volledig en objektief te beskryf en dan rasioneel te regverdig. Deur te oortree het die meeste indien nie alle koshuise die voorreg van geheimhouding of privaatheid (hulle program net aan die Vise-Rektor bekendmaak) verloor en ek dink dat hulle nou verantwoordig aan die hele universiteit verskuldig is. Ek beskuldig hulle daarvan dat, indien hulle werklik in hulle programme glo as positief en nodig, hulle nie vertroue in die owerhede (en spesifiek in die Vise-Rektor en die Inwonende Hoofde en Prinsipales) gehad het nie, deurdat hulle nie gekom het en gesê het "kyk, dit word verbied, maar ons dink dat dit nodig is om só te maak as ons ons eerstejaars behoorlik gaan verwelkom." Of is dit moontlik dat hulle dink hulle weet van beter as die Raad en die Vise-Rektor?

Nadat almal die huidige stand van sake omtrent verwelkoming goed besef het, kan daar 'n nuwe, goeie gees van die toekoms beplan en opgebou word. Maar ek is bevrees dat die waarheid soms seermaak en dat hierdie voorgestelde proses moontlik daardeur gehinder sal word.

*Die redaksie sal dit verwelkom indien daar reaksie op hierdie brief kom. Slegs dan behoort 'n buitestaander 'n gesogde mening te huldig oor die sogenaamde "doop". Red.*

*Brief verkort – Red.*

STELLENBOSCH SPORT

PLEINSTRAAT
TEL 71035

WAAR MATIE SPORTLUI TUIS VOEL

Aandag alle Fotograwe

Is u bewus dat ons ons pryse van fotomateriaal tot die laagste prys *vir kontant* verlaag het?

Kom oortuig uself

Ons gereelde verkope van 2de handse artikels en kameras sal in Augustus gehou word.

EDRICH
RYNEVELDSTR. 34,
STELLENBOSCH
TELEFOON (02231)
3420



Technics – Kom na Stellenbosch!!

*Nuwe produkte pas geloods oor die hele wêreld is nou in voorraad op ons rakke!*

Spesiale bekendstellings-kontantaanbod







| | | | |
|---|---|---|---|
| RS M12 | Bandspeler | – | R236,00 |
| SUV2K | Klankversterker | – | R236,00 |
| SLB2 | Draaitafel | – | R152,00 |
| SB 240 | Luidsprekers | – | R158,00 (paar) |
| SB 1950 | Luidsprekers | – | R314,00 (paar) |
| SLQ2 | Draaitafel | – | R250,00 |
| RSM24 | Bandspeler | – | R278,00 |
| SH 8010 | Klankgelyksteller | – | R138,00 |



Vir verdere inligting kom gesels met *Alan Krumm* in ons reeds gevestigde klank-kiosk

AVB uitgesluit

By:
Stellenbosch Meubelmaatskappy
Kerkstraat, Stellenbosch
Tel: 3621 of 4337

**Die Matie**
Vrydag, 25 Julie, 1980

# Van die os op die jas

**DIT is onwaarskynlik dat 'n eerstejaarstudent na Stellenbosch sal kom en heeltemal op sy eie die kampus-opstel sal leer ken en inskakel by die onderskeie koshuise voor die aanvang van die akademiese termyn. Daarom bestaan daar op Stellenbosch die goeie gewoonte om georganiseerde verwelkoming te reël vir die nuwelinge. Volgens hierdie regulasie word elke koshuis verplig om 'n program van verwelkoming aan die Vise-rektor voor te lê vir goedkeuring.**

**Dat daar wel koshuise bestaan wat nie volgens die goedgekeurde program werk nie is 'n erkende feit. 'n Mens hoef nie net jou oë en ore oop te hou nie, maar deur bloot te let op die siniese en sarkasties-betekenisvolle reaksie van 'n heterogene eerstejaarsgehoor indien die term "georganiseerde verwelkoming" gebruik word, spreek opsigself boekdele. Die vraag ontstaan nou; indien dit 'n goedgekeurde program is, waarom so 'n reaksie?**

**Reeds onder leiding van die vorige Vise-rektor het die owerheid hulleself verbind om alle praktiese toepassings van klassieke ontgroening die nek in te slaan. Dit is egter onmoontlik om 'n vinger te lê op die enkele halstarige gevalle wat nog sporadies voorkom. Trouens, selfs geïsoleerde gevalle kan later 'n euwel word. Maar om 'n das te dra vir twee weke en in gelid te beweeg na lokale vir organisatoriese doeleindes is nie ontgroening nie. Bekendstelling aan die senior huislede is nie ontgroening nie. Dit skep wel geleentheid vir misbruik, maar geen volmaakte stelsel bestaan nie.**

**Ontgroening is middeleeus, kongolees en barbaars. Ons is immers opgevoede en verantwoordelike mense wat verbind is tot 'n doel in die lewe. Is die sielkundige aftakeling en sogenaamde magsvertoon oor 'n stomme eerstejaar een van hierdie doelwitte? Juis hier moet 'n lyn getrek word tussen positiewe verwelkoming en inskakeling of 'n aftakelingsproses. Dit is wel so dat baie verwagtinge geskep word onder die geledere van die eerstejaars. Die grootste persentasie van hierdie verwagtinge word nooit verwesenlik nie. 'n Ontnugterde eerstejaar moet later teleurgesteld aanpassings maak. Die onderskeidende lyn kan slegs duidelik getrek word met die onbaatsugtige samewerking van Stellenbosch.**


**Daar kan kwalik 'n groter chaos wees as wanneer 2 800 eerstejaars losgelaat word om elkeen sy eie paadjie binne die eerste twee weke te vind. As dit die basis vorm van 'n uitgangspunt om potensiële Maties op 'n menslike wyse aan die aktiwiteite van Stellenbosch bekend te stel werk ons onmiddellik met die aanname van 'n meer produktiewe groep. Onthou net om op Stellenbosch te wees is nie 'n vanselfsprekende voorreg nie, maar 'n eer, en dit verg harde werk om daardie eer te behou. Skakel die regte verwelkoming en produktiwiteit van ons nuwelinge nie baie nou met hierdie stelling nie?**

# Rook op die horison

**DIT sal interessant wees om te weet hoe 46,6% van Stellenbosch nou sal stem sodra die sogenaamde nuwe beweging buite die ASB momentum kry. Wat sou die potensiaal wees van hierdie nuwe lede om 'n oorwegende rol binne die ASB te begin speel? As in ag geneem word dat die besoek van Theuns Eloff aan die Afrikaanssprekende kampusse moontlik vrugte kan afwerp, sal daar toenemende steun vir hierdie beweging groei. Mnr. Eloff, ASB-voorsitter van twee jaar gelede beskik oor die charismatiese vermoë om denkers saam met hom te neem. Verder het dit in die verlede geblyk dat mnr. Abrie de Swardt soms 'n meer prominente rol binne die ASB gespeel het as mnr. Chris Fismer, voormalige ASB-voorsitter. Hiermee wil dit voorkom asof die verligte afskeiding beskik oor die dienste van toonaangewende figure binne sy geledere. 'n Baie bemoedigende teken is die verwerping van die steriele en verwaterde mosies van die ASB. Enige beweging wat die vermoë toon om onomwonde standpunte te stel verdien die eer wat dit toekom. Daar is lank gewag voordat hierdie drastiese wending plaasgevind het. Dit is trouens net vanselfsprekend dat enige persoon wat tred hou met realiteite nie veel langer sou kon verlief neem met die napratery van die ASB ten opsigte van die Nasionale Party nie. Hoewel geen beplande pogings tot 'n drukgroep binne die ASB nie, sou dit dwaas wees om die moontlikheid oor die hoof te sien. 'n Tot nog toe dreigende skeuring binne die ASB sal dan 'n noodwendige uitvloeisel van so 'n stap wees en 'n verdere krakie in die dekmantel van Afrikaner-eenheid veroorsaak.**

## REDAKSIE 1980

**HOOFREDAKTEUR:** COENRAAD PIETERSE, Eendrag (Tel. 3627); Redaksiekantoor; Langenhoven-sentrum 436 en 438 (Tel. 5979); Boodskappe: Sekretaresse, Studenteraadskantoor, LSS, (Tel. 70138).
**ASSISTENT-HOOFREDAKTEUR:** IAN THERON, Silvertrees, Jan Cilliersstraat (Tel. 2122).
**ADVERTENSIEBESTUURDER:** PIETER VAN NIEKERK, Eendrag (Tel. 2136/5/7)
**AKTUELE REDAKTEUR:** KOBUS LOUW, Nassau 26, Pleinstraat (Tel. 70303).
**TAALREDAKTRISE:** RONËL LOUBSER, Viljoenshof 1, Pleinstraat 65 (Tel. 3008).
**NUUSREDAKTEUR:** INUS MARAIS, Eendrag (Tel. 2135/6/7).
**SPORTREDAKTEUR:** HARRY VAN DER WESTHUIZEN, Majuba (Tel. 2010, 2235/45).
**INTERUNIVERSITÊRE REDAKTEUR:** FRANCOIS DU BOIS, Eendrag (Tel. 2135/6/7).
**SOSIALE REDAKTEUR:** ELBERT UYS, Eendrag (Tel. 2135/6/7).
**KUNSREDAKTEUR:** JAPIE PIENAAR, Huis Visser (Tel. 2032/85/86).
**HOOFFOTOGRAAF:** K. SPAMER, Eendrag (Tel. 2135/6/7).
**SPOTPRENTTEKENAAR:** THOMAS TYLER, Huis Marais (Tel. 2234/87, 6500).
**HOOFVERSPREIDER:** NEIL MULLER, Toekoms, Jan Cilliersstraat (Tel. 2323).
**SEKRETARESSE:** SANDRA VENTER, Mooi Annie, Victoriastraat (Tel. 6523).
**SUB-REDAKTEURS, NUUS:** DOLF LOUW, Buitekringweg 17 en RIAAN VAN WYK, Huis Marais.
**SUB-REDAKTEURS, SPORT:** ANTON TAUTÉ, Huis Marais en AT VAN RENSBURG, Sabo Sela.
**SUB-REDAKTEUR, INTERUNIVERSITÊR:** PIETER DU TOIT, Eendrag.
**SUB-REDAKTEUR, SOSIAAL:** KARIN POHL, Nemesia.
**SUB-REDAKTEUR, KUNS:** IM NAUDÉ, Aurora 405.
**NUUSVERSLAGGEWERS:** R. Engelbrecht, G. Uys, D.M. Jacobs, H. Smith, M. Clift, A. Oosthuizen, P. Pretorius.
**SPORTVERSLAGGEWERS:** P. Conradie, M. Stofberg, L. Jonker, H. Smit.
**INTERUNIVERSITÊRE VERSLAGGEWERS:** R. Wiid, E. Höll, J.F. Joubert, J. du Plessis, J. Kruger.
**SOSIALE VERSLAGGEWERS:** A.D. Keet, J. Mouton, L. Odendaal, P.J. Labuschagne, R. van Waardt, F. Schnetler.
**KUNSVERSLAGGEWERS:** F. de Jager, A. Els, H. van Niekerk, J. Allison.
**FOTOGRAWE:** T.; Alberts en F. Lütz.





*Ek kan regtig nie verstaan waarom almal so sanik oor die eerstejaars nie.*

# OUD RED. SE LAASTE VLAM

## MATIE — GESPREK

**KOBUS LOUW GESELS MET**



**KOBUS PIENAAR**

**HOE sien jy die termyn wat verby is? Is jy tevrede met wat jy bereik het as redakteur?**

Jy vra my nou om iets te doen wat eintlik deur die lesers van *Die Matie* gedoen behoort te word. Om die afgelope termyn te evalueer, kom daarop neer dat ek vir myself 'n present koop en dan vir myself dankie sê daarvoor. Ek is tevrede met die afgelope termyn in dié sin dat ek die geleentheid gehad om aktief deel te neem aan die kampuspolitiek en moontlik 'n rol gespeel het in die proses van opinievorming onder die studente-massa. As 'n redakteur daarin kan slaag om die studente se belangstelling in die inhoud van sy koerant te prikkel, het hy 'n mate van sukses behaal. Die enigste ding waaroor ek nie heeltemal so tevrede voel nie, is die feit dat ek, weens finansiële probleme uit die vorige termyn of twee, nie die beoogde aantal uitgawes die lig kon laat sien nie. Eintlik moet ek dit nie 'n ontevredenheid noem nie; kom ons praat liewer van 'n tikkie teleurstelling.

**Is daar enige ideale wat u graag sou wou oordra aan die volgende redakteur?**

Ja, beslis; die ideaal wat enige redakteur seker aan sy opvolger wil oordra is die voortsetting van die mooi tradisie wat reeds gedurende die afgelope amper vyf-en-twintig jaar rondom *Die Matie* opgebou is. Dit moet 'n ideaal van uitbouing en verbetering wees, sonder om dit wat goed is in Die Matie sommer so oor boord te gooi.

**Wat is u beskouing omtrent die rol van *Die Matie* op Stellenbosch en in hoeverre is daardie rol in u termyn vervul?**

*Die Matie* is in die eerste plek 'n studente koerant. As sodanig moet dit die hele studente-gemeenskap dien. As mondstuk van die Maties is dit, eenvoudig gestel, almal se koerant. Dit moet inligting verskaf wat betrekking het op alle moontlike fasette van die kampuslewe wat vir die lesers van belang mag wees. Objektiewe oordeel in die keuse en aanbieding van berigte moet prioriteit nommer een wees.

As kritiese skeidsregter op die kampus behoort *Die Matie* neutraal te staan. Daar moet te alle tye daarteen gewaak word dat dit een of ander drukgroep ten prooi val.

As opinievormer het *Die Matie* ook 'n rol te speel. Die redakteur mag byvoorbeeld sy hoofartikel gebruik om leiding te gee waar hy dit nodig mag vind.

Dit is dikwels moeilik om hierdie drie rolle van mekaar te skei. Ek wil vertrou dat ons gedurende die afgelope termyn daarin geslaag het om 'n goeie balans te hou. Daar moet altyd in gedagte gehou word dat die rol van Die Matie grootliks afhang van die gebeure op die kampus, self.

**Jy was nog altyd bekend as iemand wat die beginsels van openheid en dialoog verkondig of liewer, voorgestaan het in die politiek. Hoe het dit jou rol as hoofredakteur van Die Matie geraak?**

Ek was nog altyd bereid om te luister na die standpunte van ander en ek was nog altyd 'n voorstaander daarvan om gelyke geleenthede aan almal te bied. Ek glo dat die oplossing van enige probleem daarin lê dat dit uitgepraat moet word. Persoonlik het ek *Die Matie* dan beskou as 'n forum waar ieder en elk sy stem kon laat hoor. 'n Mens kan net vertrou dat almal 'n gelyke kans gegun is om sy sê te sê gedurende die afgelope termyn. As 'n persoon krities wil staan teenoor enigiets behoort hy al die nodige inligting vir homself in te win voordat hy sy besluit neem. Dit was my beleid om, sover dit moontlik mag wees, binne die bestek van die stuk of sestien bladsye van *Die Matie*, 'n objektiewe oorsig van 'n betrokke aangeleentheid aan die leser te bied; daarna is dit vir homself om sy eie oordeel te fel.

Miskien moet ek darem hierdie stelling so ietwat kwalifiseer. Die hoofartikel is doelbewus subjektief van aard. In hierdie kolom behou die redakteur hom die reg voor om sy persoonlike standpunt aan die lesers oor te dra. As die lesers die reg het om hierdie standpunt van die redakteur te kritiseer, het hy ook die reg om dit as riglyn te gebruik vir sy eie oordeel.

**Wat is die kanse van studentekoerante om te oorleef teen die aanslag van sensuur en wat is jou opvatting omtrent die verhouding tussen sensuur en studentepublikasies?**

Die aard van die publikasie en die mate van vryheid wat die redakteur in dié opsig geniet, is veral van belang wanneer daar van sensuur gepraat word. Dit is veral die Engelse studentepers wat met hierdie probleem te kampe het. Ek beskou die menings van die studente van Stellenbosch as die grootste vorm van sesuur wat op Die Matie toegepas kan word. Dit is elke redakteur se ideaal dat sy koerant gelees word. As sy publikasie irrelevant raak vir sy lesers, dit wil sê die stan- punte wat daarin gehuldig word, wo- nie deur sy lesers gedeel nie, is di- nutteloos, want die potensiële lesers s- eenvoudig belangstelling verloor. D- was dus altyd my standpunt dat ek d- mening van die studente-massa in g- dagte moes hou by die keuse van di- inhoud van *Die Matie*. In soverre dit beperking op my geplaas het, moes e- of daarmee genoë neem, of die kans va- om deur Stellenbosch se lesers verwe- te word.

**Sou 'n mens kan sê dat u ni- gemoeid is met enige politieke faks- op Stellenbosch nie en as sodanig ge- eksplisiete politieke voorkeure h- nie?**

Dit is wel so dat ek nie betrokke by een van die sogenaamde faksies o- die kampus nie. Ek kon dus ten opsig- van my hoofartikels taamlik indiwidu- listies optree. Ek dink die SR-debak- het my indiwidualiteit duidelik b- klemtoon. Terwyl die faksies besig w- om mekaar kaal uit te trek, moes D- Matie as skeidsregter en bemiddela- optree. In die belang van die Univer- teit as geheel was dit nodig om d- groepe tot orde te roep.

Jy vra my of ek geen eksplisie- voorkeure in die politiek het nie. D- saak is nie so eenvoudig nie. D- Suid-Afrikaanse politiek is te ingewi- keld en divers om 'n persoon somm- so in 'n spesifieke voorkeurgroep kategorie te plaas. Miskien moet volstaan deur te sê dat ek probeer d- wees van 'n oplossing en nie deel van probleem nie.

# perspektiewe en dinge

IN die wandelhal van die Trust Bank-sentrum hurk 'n ou bruinman gebukkend oor sy wit kierie. Sy oë albaster uit sy hol oogkaste en fladder soos 'n verskrikte duif in 'n fuik op en af. In sy verrimpelde hand, half verskuil tussen sy vodde, blink 'n rooi koeldrankblikkie wat telkens saam met sy oë op en af beweeg en die klankel-klankel van enkele muntstukke voortbring.

In die sentrum vleg strak gesigte deurmekaar. Ongeduld word betoon teen die bedelaarsobstruksie in die gang. Die mense kyk, maar sien niks raak nie.

'n Vrou met versilwerde grys hare sukkel moeisaam tot op die wit gebroke lyn in die middel van Pleinstraat. 'n Stroom motors sny haar weg af en spoed verby. As die vrou 'n opening gewaar, sleep sy die ysters aan haar bene strukelend oor die pad — net betyds om te sien hoe haar skaduwee deur rubberbande vermorsel word.

Sedert die oggend neem die verkeer in intensiteit toe. **Bekendes loop mekaar voor 'n modewinkel raak en vra "hoe gaan dit?", maar vertoef nie lank genoeg om die antwoord te verneem nie. In die kokonwêreldjie van elkeen is daar skynbaar net nie plek vir 'n ander se behoefte of nood nie.**

### BEDREMMELDES

Met die aanvang van die tweede semester loop 'n mens hulle oral raak: bedremmelde studente wat as gevolg van swak toets- en eksamenuitslae 'n allesverterende traak-my-nie-agtigheid openbaar. Hulle drel lusteloos deur die strate en oorweeg verskillende nuwe moontlikhede om weer sonskyn in hul 'duistere' toekoms te bring. 'n Ander universiteit of opskop-en-gaan-werk word as die enigste uitweg voorgehou. Pessimisme is aan die orde van die dag en sommige slagoffers slaag daarin om 'n ondeurdringbare muur van geslotenheid en afsondering rondom hulle te bou. Hier en daar kry 'n mens tóg ook iemand wat die neerslagtigheid met Bacchus se voggies gaan wegspoel . . .

**ian theron**

### BREEK WEG

A nee a, kêrels, ek sê: breek weg en kry 'n bietjie vastigheid onder die voet sodat die breinlobbe weer opnuut geaktiveer kan word! Koop vir jou 'n vollengte spieël, hang dit agter jou kamerdeur op, kyk na jouself en pràát met die man in die glas. Julle ken mekaar tog al vir jare en is 'n leeftyd in mekaar se teenwoordigheid — skaam hoef niemand vir die eie ek te wees nie. **Beskuldig hom as dit moet; wys met jou vinger na hom in die slegsêproses en deur die mistige waas van verontskuldiging sal jy ontdek dat daar ook 'n vinger na jouself heenwys.** En dit is heel waarskynlik waar die kern van die probleem lê (indien hier enigsins 'n probleem ter sprake is).

As eerstejaar het jy miskien twee jaar militêre diens agter die rug en het jy dit moeilik gevind om jouself te inspireer. Laataand geselsies, koffiegeselligehede, 'n braai by die Strand in die middel van die week kort voor die eksamen en 'n alewige vlerksloopprogram by die dameskoshuise (ons army-manne hét tog so baie ervaring!) was dalk gewillige teenvoeters by die studieprogram. Of dalk het 'n jonge juffroutjie meermale soggens verslaap en klasbank mettertyd aansteeklik gevind sodat daar later nie meer tred gehou is met die hoeveelheid klasse per week nie. Wat ook al die geval was, steek gerus jou arm (nie net jou hand nie) in eie boesem en soos 'n Moses van ouds mag jy dalk verbaas wees oor die towerkrag waartoe jy beskik. Dieselfde towerkuns kan as teenmaatreël aangewend word. Misterieus? Nee, glad nie, volg net Isaac J. St John se "How to do it in five easy lessons" (verkrygbaar op spesiale aanvraag) slaafs na en ná slegs vyf dae sal die verskil reeds merkbaar wees.

Kortliks kom dit daarop neer dat die muur/kokon/masker waaragter geskuil word stuk vir stuk afgebreek moet word sodat jy gestroop van alle illusies en met 'n heldersiende oog na jouself kan kyk. Stel dan vir jou 'n lys op van al jou goeie hoedanighede en sluit alles waartoe jy in staat is daarby in. (Jy kan maar brag, want jy sal daarvan hou om jouself in so 'n opgehemelde posisie te sien). Hieruit is dit moontlik om die nodige selfversekering te put wat die dryfkrag sal wees tot 'n nuwe begin. Verlaat nou die ingehoktheid van jou kamer of koshuis en probeer eerstens om die sonlig in die lewe rondom jou te ervaar. Die melk en heuning waarvan jy 'n integrerende deel is, mag jou dalk vir 'n wyle sprakeloos laat. Probeer dan diegene raaksien wat baie slegter as jy daaraan toe is. Ook dit behoort jou totaal te oorrompel. Nou het dit tyd geword om jouself binne die spektrum van jou sogenaamde omstandighede te plaas. Oriëntasie, noem die geleerde mense dit. As die bevoorregte posisie waarin jy verkeer nie 'n inspirerende faktor word nie, is Isaac J. van mening dat jy vir jou 'n reflekterende sonbril moet aanskaf om die wêreld aan te durf.

### AFSMEER

Dit het nodig geword dat ons die lewe vir onsself minder mislik voorstel. Veral ons as studente op Stellenbosch kom in kontak met unieke geleenthede en uitdagings. Dit is fataal om jou agterent af te smeer aan dit wat die toekoms jou kan bied terwyl daar op dieselfde dorp minderbevoorregtes is vir wie die deure na die toekoms (blykbaar) gesluit is.

**'n Sedepreek, sê iemand?**

Aan die einde van die dag bevoel die ou man met die wit kierie die weg na sy kamertjie — sy halfleë blikkie krampagtig vasgeklem. Ook die vrou met die silwer-grys hare probeer 'n nagslapie iewers op 'n derde verdieping inkry, maar selfs in haar rustelose slaap span haar gesig verwronge konsertina. Met die reën wat die dorp toevou, neem Stellenbosch amper 'n bekoorlike karakter aan — tot die dag helder breek en die strak, gevoelloosheid met 'n wit kierie aangevoel kan word.

# Fred Pfaff writes...

THIS was the way Fred always came — along Church St., left at 9th. Everyone came this way — along Church, and left at 9th. There was only one other street that one could take; but it was neither tarred nor well-lit.

Fred scurried along with the rest of the people who were, likewise, making their way to The Organization's huge auditorium. He saw a face that he recognized.

"Martin!" Fred shouted, waving his hand furiously. Martin was busy moving with the crowd — it was almost impossible to stop. "Martin, Martin!" Fred always liked being with someone he knew when he was lost in a crowd. He felt less alone. He had only met Martin Mersky briefly once before, but he had seemed quite an amenable type. Fred saw Martin cast an abrupt look over his shoulder. So Fred carried on behind him.

"I'm Fred. Don't you remember me?" Martin slowed down, almost unwillingly, until Fred was by his side. He smilled slightly.

"It's quite exciting," Fred began. They were now entering the auditorium. It was huge and uncharacteristically hollow. (The Organization, you see, was warm and so personal; unfortunately a little evasive at times.) Fred did not particularly like the packed hall: the stark walls, huge ceiling, thousands of plastic chairs, one rostrum, and thousands of people.

"I've never heard the President speak before," Fred carried on. "Read a bit in the newspapers, heard things on the radio. So I thought I'd come down and hear him for myself. I mean he is quite a powerful man in the Administration." Martin was looking around as if involved in some precarious neck exercise. "Looking for someone?" Martin heard nothing.

"I feel," Fred said, "that one must be aware of one's leaders. I know so little as it is about the Administration and other political goings-on. Feel quite ignorant, I do." Mersky was still craning hither and thither. Above the rostrum were about fifty chairs, also plastic; and in them sat The Organization's most influential men — and their wives, of course. All had suits in various shades of grey. All had heads in various stages of balding. "The Grey Pates," Fred laughed softly to himself. Mersky turned abruptly and asked accusingly, "What was that?"

Like an electric wave over the audience, Fred was shocked still by the sudden silence within the auditorium. The President of the Administration emerged from a little glass door, preceded by two bodyguards and his wife. All three men wore grey suits. The President had a red carnation in his lapel.

Before the President spoke there were anthems, introductions, and other religiosities. Some moved uncomfortably in their chairs. But Fred knew it would be worth waiting. As enticing as a November shower in the parched Karoo, after the dead dryness of winter.

The President finally took his stand. His introduction was the 'piéce de résistance' of those preceding. But was still nothing. Fred waited a little longer; he believed it would come. And, at the end, when the drone of clapping surrounded him, he felt as dead as the auditorium seemed. It could be empty as far as he was concerned. He sat fixed to his chair.

A man among them all asked a question. The audience laughed when the response came and they clapped the President of the Administration on to victory. Another questioner; he, too, was defeated. And many more. The answers were succint, humorous, evasive. Most people laughed, most people clapped. Few understood. Fred felt awful. Aother question came.

The President was affronted. Sternly he replied, as if countering a personal attack, "My dear man, you are at The Organization to learn, not to ask questions of me. Come to my office and see if you can do better. What I am doing is for you." He sat down again and the audience cheered. The grey-suited men clapped their hands metronomically — as did their wives, of course.

"Oh, to think I could have believed," Fred sighed.

Mersky was laughing too loud to hear.

Fred felt as though the thick grey clouds were massing overhead, depressing him. They were making everything dark, but bringing no rain; only the streaks of lightning and the clapping of thunder. Fred stayed until the end and consequently lost Martin Mersky in the crowd. He decided not to go home via 9th and Church Streets. It was the other way for Fred tonight. (And I cannot tell you how surprised he was when, walking along that way, even though it was unlit, he saw others in the dark.)

Michael

# Ou Wyn in Nuwe Vate . . .



**DIE verwerking van 'n verlies van iets belangriks is vir 'n mens seker een van die moeilikste aanpassings. Na afloop van so 'n teleurstelling, of dit wat ons as 'n teleurstelling beskou, word daar van nuuts of planne beraam. 'n Dosyn ander moontlikhede word oorweeg en woorde kom by ons, op wat ons tóé moes gebruik het — ás die brein net toe die hele tyd gewerk het. . . .**

**Ons probeer die situasie herleef, of liewer oor leef, met ideale sinsedes, denke, handelinge. Hierdie herlewing van 'n verlore gebeurtenis plaas ons weer aan die wenkant, maar dan moet die beself van die werklikheid weer die ligte van die drome uitdoof.**

**Hoekom is dit nodig om te probeer verbeter op dit wat verkeerd gegaan het? Hoekom probeer ons altyd gedane sake verander? Hoekom wil ons nie dinge aanvaar soos wat dit is nie?**

**Omdat ons menslik is, nie daarvan hou om te verloor nie. Miskien dit, maar hoe 'n groot rol speel selfsug in hierdie opsig? Is dit uit beginsel dat ons nie daarvan hou om te verloor nie, of is dit net om die "ek" weer op die voorgrond te kry?**

**In EFES.5:17 vra Paulus ons om die Wil van God in ons lewens raak te sien: *"Daarom moet julle nie onverstandig wees nie, maar verstaan wat die wil van die Here is."***

**Vir Paulus is dit 'n belangrike deel na die pad van heiligmaking en hy stel dit as 'n vereiste om dus God se wil te kan verstaan.**

**Selfs 'n man soos Job het na alles wat in sy lewe gebeur het nog die hand van God daarin gesien.**

**DANIE KEET**

# Die Handelinge van G.A. Thoonissen

DIE dag het reeds sy chips toe Gotlieb Antonie Thoonissen die wasgoedpennetjie aan sy broekspyp vasknyp, rondkyk of hy nie gesien word nie, en op sy fiets spring. (Dis van hierdie einste fiets van Gotlieb waarvan vertel word dat toe Gotlieb een aand 'n meisie steakhouse toe lift, die fiets gaan staan het. Hulle het afgeklim en hy het begin stoot en toe hulle terugkom, was die meisie weg). Maar dit, suiwer net terloops. Want vir Gotlieb is dit 'n gróót aand. As die nuwe verteenwoordiger van die KWV (Kweekskoolstudente en Werkende jongmense se Volkspelevereniging) sal hy vanaand vir die eerste keer sy plek in die Vergadering neem.

Intussen, by die vergadersaal, is die Vergadering reeds voor die konstituering in twee geskeur. Een faksie dring naamlik daarop aan dat Die Lied van Jong Suid-Afrika met die afsluiting gesing moet word. Die lid vir die NVT (Nominale Vereniging vir Trampolienspringers) is aan die woord. Menere, seg hy, en Dames, Langenhoven het altoos kwytgeraak 'n — Burrp, breek iemand 'n wind — mondelings. Iewers van links val iemand weg met iets soos Nkosi Sikileli Afrika, en roep so tussendeur drie geen troewe.

Gotlieb A. Thoonissen bêre sy fiets sorgvuldig / liefderik / gedetermineerd, ontknyp die wasgoedpennetjie aan sy broekspyp en knyp dit aan sy lilnkeroor vas. Gotlieb A haat dit om dinge te verlê.

Van waar hy by die deur staan, sien hy sy sitplek met die naambordjie en pyl kragdadig/beslis/onopsigtelik daarop af. Hy gaan sit net toe die voorsitter, professor Van Brakel, (dit fluister dat die ongelukkige mite van die Verstrooide Professor sy oorsprong alhier het) sy stoel skoonmaak en sy keel agteruitskuif. Menere en Dames, begin hy, liewe kinders ons kan maar kontinueer. Ek stuur die presensielys om, dat u in die ruimte agter u naam dit kan paradeer. Die eerste punt op die agenda voor u, gaan hy voort, is ingedien deur die DDT — Dans en Dineekomitee vir Tokkelokke. Dit gaan oor die verkoop van warm koesisters op die kerktrappe voor die sewe-uur diens. Sal die betrokke lid asseblief voortgaan.

Broeders, Susters, begin die lid en andere . . . 'n Lid aan sy agterkant vererg hom bloedig en skeur sy tissue middeldeur van matelose woede. Intussen is die presensielys voor Gotlieb A. Thoonissen ingeskuif en hy parafeer dit in die ruimte agter Lid vir KWV.

Die lid vir DDT konkludeer reeds: Nademaal die institusionalisering van die kerk as nasionale besit, progresseer die aanslag van die internasionale Kommunisme dienooreenkomstig. Daarom maak ons 'n sterk saak uit vir warm koesisters en — Wié, val professor Van Brakel hom abrup bulderend in die rede, wie op aarde se naam is GAT? Merkwaardige stilte. Ek, sê iemand kliphard en almal se koppe ruk, roep twee spades, voltooi hy lamlendig.

Gotlieb A. Thoonissen spring orent. My naam, sê hy voldaan, is GAT. Asems word suisend ingetrek. Die sekretaressetjie raak hewig aan't giggel. Huiwerig begin iemand hande klap. 'n Ander sit empaties in: For he's a jolly good fellow.

Getroos gaan Gotlieb sit. Skielik voel hy ook sommer tuis. In sy enigheid besluit hy om 'n slag weer kerk toe te gaan. Hy wonder hoe lyk die DDT se susters. Warm of koud, maak nie saak nie.

(Deur 'n skeurtjie in die plafon reg bo die Vergadersaal sit 'n GOMLASTIEKGOGGA. Hy vind die gebeure onder hom nie amusant nie. Maar hy skryf in 'n klein boekie en hy kyk en hy skryf en kyk en skryf, kyk . . . skryf . . .)

BAREND VOS

# Voel veilig, lyk goed

IN Suid-Afrika is onlangs 'n nuwe reeks brille bekend gestel wat 'n mens in staat stel om die kleur van die glase te verander om aan te pas by die heersende ligtoestande. Dit is veral ook handig vir modebewuste vroue wat nou die kleur van hulle sonbrille kan aanpas by die kleur van hul uitrustings.

Dié Australiese sonbrille bied oombliklike verwisselbaarheid van brilglase – maar is veel meer as net 'n modetruuk! Die ESOOI – sonbrille is veral geskik vir vlieëniers – vir wie een soort glas die kontras van grond duideliker laat uitstaan, motorryers, vir wie daar 'n glas is wat keer dat die oë moeg word in die vroegoggend of laatmiddag, en natuurlik vir die vrou en die mode.

Volgens mnr. Eric Horvitch is die brille se veiligheidsaspek van onskatbare waarde. So baie mense word so dikwels beseer deurdat hul hul gesigte sny wanneer hul brille stukkend gestamp word. Hierdie ESOOI-brilglase waak daarteen. Die glase word van dieselfde materiaal gemaak wat gebruik is tydens die Amerikaanse Apolloruimtevlugte. Elke brilglas is sterk genoeg om bestand te wees teen 'n staalkoeël van 5/8 dm wat 20 cm ver val.

Die GEEL word gebruik in skemer of betrokke weer, terwyl GROEN vir teenoorgestelde toestande gebruik word. GRYS is vir gewone sonbrille en Pienk om spanning te verlig wanneer gevlieg word of in die vroegoggend of laatmiddag in die helder sonskyn bestuur word. Dit kan ook skouspelagtig lyk saam met jou jongste Marc Bouwer-uitrusting.

Elke stel weeg net 26 g en die rame is met goud oorgeblaas. Ongelukkig is dit nog nie in Apteke beskikbaar nie.



*'n Nuwe reeks sonbrille is onlangs op die Suid-Afrikaanse mark vrygestel. Dit is prakties, veilig en modieus. Ons model is Ora Ruth, wat die nuwe reeks wou ondersoek.*

**ALL EX- AFS/ROTARY EXCHANGE STUDENTS:**

**ALL interested in joining our newly established club are invited to a meeting at 18h30 on Mon. 28 July in the Huis Ten Bosch sitkamer. For further details or if you have any suggestions, contact Elsbeth Dixon, Serruria Tel: 71314, or Anthony Schwartz, Die Laan 28.**



*Op Eendrag se Huisdinee wat verlede kwartaal plaasgevind het, is Enge Olivier as Mej. Eendrag aangewys. Dié langbeen brunet is 'n inwoner van Erica.*

# Gevra: Nudistekamp en ysskaatsbaan

HIERDIE is die resultaat van die vraelys wat deur die Voorsitter van die Studentebelangekomitee aan die einde van verlede jaar uitgestuur is aan eerste en tweedejaar studente. 489 van hierdie vraelyste is terugontvang en hier is die resultaat van die bewerkings wat daaruit gemaak is. Die vraelys is voltooi voordat die nuwe bioskoop geriewe voltooi is. Daar moet ook opgelet word dat 'n vraag oor die putt-putt baan gevra is wat deur die ACSV beplan word. Die vraelys is uitgestuur met die oog op verdere beplanning deur die studentebelangekomitee ten einde beter ontspanningsgeriewe vir die studente te verskaf.

Op die vraag watter persentasie van naweke studente op Stellenbosch deurbring was die antwoord 63,95% vir die hele groep terwyl die dames 63,8% en die mans 60,67% van hul naweke op Stellenbosch deurbring.

41,02% van die studente sal 'n putt-putt baan gereeld besoek. 53,26% van die studente sal verder die putt-putt baan soms besoek en 4,72% sal dit glad nie besoek nie. Die ooreenstemmende persentasies vir die mansgroep is, 47,9; 49,6 en 2,5 en vir die damesgroep is dit 38,8; 56,3 en 4,9.

24,71% van die studente sal 'n kegelbaan gereeld besoek en 'n verdere 52,71% sal dit soms besoek terwyl 22,58% dit glad nie sal besoek nie. Die ooreenstemmende persentasies vir die mansgroep is, 33,6; 52,78 en 13,62 en die van die dames is 15,47; 54,9 en 29,63.

77,23% van die studente sal ordentlike bioskoopgeriewe gereeld besoek terwyl 'n verdere 21,28% dit soms sal besoek en 1,49% dit glad nie sal besoek nie. Die ooreenstemmende persentasies vir die mansgroep is 73,29; 24,46 en 2,25 en vir die dames is 77,63, 21,12 en 1,25.

57,99% van die studente sal braaigeriewe langs die Eersterivier gereeld gebruik terwyl 'n verdere 38,24% dit soms sal gebruik en 3,87% sal dit glad nie gebruik nie. Die ooreenstemmende persentasies vir die mans is 59,65; 28,50 en 11,85 en vir die dames is dit 52,88, 43,86 en 3,26.

Gevra watter ander soort ontspanningsgeriewe verlang word was die antwoord wat die meeste voorgekom het, 'n ysskaats- of rolskaatsbaan asook 'n swembad en meer muurbal- en tennisbane. Verskeie van die persone wat geantwoord het, het gevra vir 'n diskoteek asook 'n eet- en dansplek.

Van die meer ongewone versoeke was 'n nudistekamp, jukskei geriewe, beddens in die laan, 'n pretpark en 'n volkspele laer. Daar was ook 'n versoek vir 'n busdiens in die somer na die Strand en les bes 'n versoek vir meer akademiese lokale.

'n Versoek wat ook deur 'n klein aantal van die respondente gestel is, is die oopstel van koshuise vir mans en dames.

Die vraelyste is deur studente van 8 mans- en 12 dameskoshuise voltooi.

Daar sal later 'n volledige lys van elke koshuis se antwoorde verskaf word. Aangesien daar egter 'n hele aantal werk verbonde is aan die sistematisering van die koshuisgewens om dit hoegenaamd sinvol te maak, kan dit nie nou hier verskaf word nie.

## IETSIE OM TE DOEN

**GAT**
21-25 Julie – **Wetenskapweek** – uitstallings en vertonings
26 Julie – **Junior Breëbestuur** – Dinee-Dans
1-10 Augustus – **Sendingweek** – uitstallings, praatjies, vertonings.

**SANLAMSAAL**
25 Julie – **sokkie** – Huis Francie
26 Julie – **sokkie** – Huis Marais
30 Julie – **sokkie**

**VROUEVERENIGINGSAAL**
25 Julie – **Huis Marais-huisdans**

**LEESKAMER**
28-31 Julie – **BTK**-uitstalling van kampeertoerusting
29-31 Julie – **Parlementêre Week** (Studenteparlement)

**CINE 1**
21-26 Julie – **The Baltimore Bullet**
26 Julie – **Flatfoot goes East** (11 vm en 1.30 nm)
28-29 Julie – **The Boston Strangler**

**CINE 2**
23-26 Julie – **Tom Horn**
26 Julie – **Kellies Heroes** (10.30 vm en 1, 3.30 nm)
28 Julie en 2 Augustus – **Mad Max**
2 Augustus – **Grease** (10.30 vm en 1 nm)

**STADSAAL**
2 Augustus – **Eendrag se Huisdans.**



'Tafelberg was die hoogste wat ons nog was – totdat ons gehoor het van DUBBEL SPAAR!'



"Ons twee het al die land platgery gehad. Van Banana Beach tot Bredasdorp. Idees vir vakansies het al begin opdroog. Totdat ons van die Allied se 'Dubbel Spaar' gehoor het. Dit werk so: Jy kry TWEE rekenings. Een vir **'Vandag se Geld'**. Dis vir nou se dinge, soos kontantgeldjies landwyd trek by enige Allied-tak, tjeks, aftrekorders en oordrag van geld na ander rekenings.
En die tweede een vir **'Anderdag se Geld'** vir later se dinge. Soos hierdie blink idee van ons om in die Alpe te gaan ski. Met die Allied-mense se hulp was dit maklik om die regte rekening vir ons doel te kies. Ons het 'n groot keuse gehad, elkeen met 'n hoë rentekoers."
Kom gesels oor 'Dubbel Spaar' by enige Allied-tak. Ons sal jou help om reg te kies uit die meer as 20 verskillende 'Dubbel Spaar'-rekeningkombinasies. Sodat AL jou geld ALTYD dubbel en dwars vir jou werk.

ALLIED
die bouvereniging naaste aan u.
Bates oorskry R1,8 biljoen
3810/2A LS-FCB

ONS HERSTEL ALLE FABRIKATE
TV
Radio's
Hoëtroustelle
Bandspelers
CONTACT RADIO
Ryneveldstraat 40
Tel. 4383
Stellenbosch



HEIDI BLOEMISTE
Van die grootste tot die kleinste rangskikkings vir alle geleenthede een skouerruiker van Heidi
Telaflora Bloemiste – bestellings dwardeur die land en oorsee
Alpha-Arkade/Arcade · Birdstraat/Street
7600 STELLENBOSCH
Tel. 7-2692

# STAGNASIE OF REALISME?

# — ASB-Kongres —

DIE ASB wat as gevolg van die wye spektrum van politieke menings wat hy huisves 'n middeweg moet volg, ondervind tans 'n hewige interne stryd. Dit is veral te wyte aan die mening van baie van die lede dat die organisasie besig is om in sy politieke denke te stagneer, verwaterde uitsprake lewer en nie meer realistiese politieke leiding gee and die Afrikanervolksgroep waarin hy gesetel is nie.

Sterk kritiek van buite die organisasie is lank reeds waarneembaar en kom ook met die huidige ASB-kongres sterk na vore. NUSAS is nie op die kongres verteenwoordig nie, aangesien hulle nie 'n formele uitnodiging na die kongres ontvang het nie en daar ook kritiek is teen die feit dat slegs Inkatha se Jeugbrigade genooi is, terwyl belangrike organisasies soos COSAS en AZASO nie na die kongres genooi is nie.

Die huidige kongres weerspieël oor die algemeen 'n beweging na regs, hoewel daar 'n sterk splintergroep bestaande uit ontevrede lede van die ASB gekom het, wat "links" neig en oorgegaan het tot die stigting van 'n nuwe organisasie.

### POLITIEKE GEVANGENES

Die mosies wat tydens die huidige kongres aangeneem is, weerspieël weereens 'n sterk NP-verbondenheid. 'n Mosie wat sal vra vir die instelling van 'n wetsontwerp wat 'n onafhanklike regbank en menseregte sal verseker en beskerm, is afgewys. Die motivering was dat regters moontlik op grond van so 'n waarborg kan aandring dat sekere politieke gevangenes vrygelaat word.

### WIT TUISLAND

Na 'n lang debat het die ASB hom sterk uitgespreek teen die voorgestelde suiwer blanke tuisland. Daardeur sal, volgens die sprekers, die mislukking van die NP erken word en toon hierdie plan dat daar nog steeds groot groepe blankes in die land is wat nie bereid is tot samewerking met die swartes nie. Wanneer die enersydse mislukking van die NP se tuisland beleid en die anderwydse selfsugtige onvermoë en onwilligheid van die blanke tot samewerking in motiverings saamgevoeg word, voer dit die huidige toedrag van sake tot onaanvaarbare uiterstes. Die ASB reageer wel afwysend soos verwag word op grond van hul NP-gerigte motivering, maar is nie bereid om die mislukking van die huidige bestel te erken nie, hoewel die besef blykbaar wel daar is.

### TELEURSTELLEND

Kommer is uitgespreek oor die geweldige sentralisasie van mag rondom die Eerste Minister, terwyl daar selfs twyfel onder sommiges bestaan oor die effektiwiteit van die landsregering. Dit blyk dus asof daar onder die kongresgangers wel potensiaal vir 'n kritiese denkpatroon is, hoewel daar ook baie terleurstellende optredes na vore gekom het. Die aanname van 'n byna niksseggende mosie soos: "Dit word erken dat die rasionaliseringsaksie van die Eerste Minister net kan lei tot meer effektiewe bestuur van die land", toon baie duidelik dat die ASB nie bereid is tot 'direkte kritiek teen die NP-regering nie, of sulke kommentaar nou ookal toepaslik sou wees of nie.

'n Mosie waarin 'n beroep op die regering gedoen word om aandag te skenk aan die verbetering van die onderwys van anderskleuriges, is ook aangeneem. Dit, tesame met die aanvaarding dat geweld nie beskou word as 'n oplossing vir die land se rasseprobleme nie, toon duidelik dat die ASB ook reeds in die groef van blote napraat van NP-verbonde uitsprake verval het.

Die ASB se interne stryd en die skeuring in ag geneem, blyk dit asof al hoe meer Afrikaanse studente en organisasies besef watter belangrike politieke taak hul opgelê is in die onsekere toestande wat tans heers. Die besef dat stagnasie daartoe aanleiding kan gee dat die bestaansreg van kultuurorganisasies bevraagteken word, het ook duidelik na vore gekom.


**Estelle Höll**

## VERLIGTE ALTERNATIEF

## Organisasie Veelrassig

'n Splinternuwe verligte en veelrassige studente-organisasie is op die pasafgelope ASB-kongres gestig. Alhoewel dit sterk teenkanting vanuit ASB geledere gekry het, is 'n aantal gewese Hoofbestuurlede daarby betrokke.

Dié nuwe organisasie verwerp die ASB as "impotent en stagnant" en sê dat dit in sy politieke taak gefaal het. Die nuwe organisasie sal nie partygebonde wees nie en sal sterk standpunte kan inneem. Volgens die organiseerders besef studente in die ASB nie hoe ver die uurglas vir die blankes in S.A. reeds uitgeloop het nie en moet daar met ander groepe oor oplossings vir probleme gepraat word.



THEUNS ELOFF


Mnr. Theuns Eloff en Abrie de Swardt, albei in ASB-kringe bekend as verlig, is twee van die hoogorganiseerders. Altesame 18 SR-lede en studente, 14 Pukke, 2 Kovsies en 2 Raukies, het hulle reeds tydens die kongres by die nuwe organisasie aangesluit. Die voorsitter en onder-voorsitter van Potchefstroom se Studenteraad is ook van die organiseerders. Mnr. Chris Fismer, ASB-president vir 1979/80, het hom ten sterkste teen die nuwe organisasie uitgespreek.

'n Voorlopige verklaring van vertrekpunte is reeds deur die organisasie bekend gemaak. Daarin sê hulle dat die onvervreembare reg op volle burgerskap, gelyke ekonomiese en maatskaplike geleenthede, gelyke politieke regte en vrye assosiasie van elke persoon wat in Suid-Afrika gebore of hier genaturaliseer is, erken word.

**Enige beleid wat gedwonge segregasie of gedwonge integrasie inhou, word deur hulle verwerp. Etnisiteit en Identiteit word erken as realiteite wat deur mense (en nie wette nie) beskerm kan word. Geen kwalifikasie vir lidmaatskap op grond van ras, taal of geslag sal gestel word nie, maar Christenskap is 'n voorbehoud.**

Inligtingsvergaderings oor die nuwe organisasie sal so spoedig moontlik op alle kampusse gehou word. Mnr Eloff sal Stellenbosch toespreek wanneer hy die kampus van 28 Julie tot 1 Augustus besoek.

**F. du Bois**

STELLENPINE

KERKSTRAAT
STELLENBOSCH
TEL: 4337

*STELLENBOSCH SE ENIGSTE DENNEMEUBEL-AFSLAGWINKEL*



Nou is die tyd om gewig te verloor by

**HEDY SE VERSLANKING EN GESONDHEIDSKLINIEK**

Van Ryneveldstraat 17
Stellenbosch
Tel. 7-1898

Wees slank, wees fiks, wees mooi

- Verslanking met natuurlike diëte en oefening.
- Celluliet behandeling.
- Slanker tone E.B.A.
- Stoomsauna
- Onderwater-straalmassering in warm seewaterbed

Billike tariewe vir studente



# Voorgraadse Beŭrse

Die intellektuele grondslag vir 'n lonende rol in die ontwikkeling van vredesgebruike van kernenergie.

Die Raad op Atoomkrag se uitgebreide navorsings- en ontwikkelingsprogram is gemik op die volle benutting van die vredesgebruike van kernenergie ten bate van alle Suid-Afrikaners.


Die Raad bied voorgraadse beurse aan wat u in staat sal stel om kennis en kundigheid vir 'n leidende rol op hierdie uiters belangrike gebied op te doen.


Beŭrse tot 'n bedrag van R1 800 per jaar is beskikbaar vir voltydse studie aan enige Suid-Afrikaanse universiteit in die volgende dissiplines:

Ingenieurswese - meganies, metallurgies, bedryfs, elektrotegnies en chemies
Geologie
Fisika
Rekenaarwetenskap
Metallurgie
Chemie
Biblioteekwese (B.Sc. met H.D.B.)

Nadere besonderhede en aansoekvorms is verkrygbaar by die Personeelbeampte, Privaatsak X256, Pretoria 0001, of skakel (012) 79-4441 Uitbreiding 332.
Sluitingsdatum 31 Julie 1980.

**RAAD OP ATOOMKRAG PELINDABA**







*Deon Brand, agsteman van Helshoogte maak gereed om die bal aan sy skrumskakel, Stoffel Vermeulen te gee. Helshoogte het Oude Molen met 8-4 geklop. Willem Herbert, flank van Oude Molen is besig om op te storm. Die ander speler is Christo Smit, flank van Helshoogte.*

# KOSHUISRUGBY

## Eendrag — Libertas

NA 'n effens wankelrige begin, slaag Libertas daarin om Eendrag met 8–0 te verslaan in 'n harde, maar aanskoulike wedstryd.

Aanvanklik is Libertas deur 'n aanvallende Eendrag-span onder druk geplaas, maar na 15 minute se spel het Libertas se voorspelers die oorhand begin kry en die grondslag vir hul oorwinning gelê.

Libertas het veral die vaste skrums en in 'n mindere mate die lynstane oorheers en telkens hul agterlyn met goeie balle weggestuur. Die wedstryd is gekenmerk deur goeie verdediging aan beide kante, waarsonder die telling beslis baie hoër sou gewees het.

In die 17de minuut van die eerste helfte slaag heelagter Piet Myburgh van Libertas met 'n strafdoel, en in die 25ste minuut druk Chris van Lill, skrumskakel, die enigste drie van die wedstryd. Myburgh is in die kol met die doelskop en Libertas wen 8–0.

## Helshoogte Oude-Molen

IN 'n harde wedstryd klop Helshoogte vir Oude Molen met 8–4.

Helshoogte het met 'n swaarder pak voorspelers die botoon in die lynstane en skrums gevoer. In die losspel het Oude Molen die meeste balbesit gehad. Helshoogte se eerste drie is gedruk deur Deon Brand vanaf 'n strafskop naby Oude Molen se doellyn. Louis Fortman se drie het gekom na swak bal beheer deur Oude Molen in 'n lynstaan. Die mooiste drie van die wedstryd is deur Oude Molen gedruk. Oude Molen het vanuit hul eie kwartgebied met die bal gehardloop. Tweede fase spel is twee keer deur hulle afgedwing voordat Kevin Ranger oor die doellyn is. Alle pogings pale toe het misluk.

## Simonsberg-Helderberg

**SIMONSBERG het Vrydag sy wedstryd teen Helderberg met 16 – 10 gewen na 'n rustydvoorsprong van 8 – 3.**

Die kragmeting is in koel weer afgehandel en het min hoogtepunte gelewer. Te oordeel aan die baie foute wat begaan is, was dit duidelik dat dit die spanne se eerste wedstryd na die vakansie was.

Losskakel Harry Vermeulen het vroeg reeds met 'n strafskop vir Helderberg geslaag. Simonsberg het teruggeslaan met twee drieë deur vleuels Du Toit Wessels en Roelof Steyn onderskeidelik. Pogings om die drieë te vervyf was onsuksesvol. In die eerste helfte reeds was dit duidelik dat Simonsberg se voorspelers dié van Helderberg oor was.

Na rustyd slaag Vermeulen weer met 'n strafskop vir Helderberg. Daarna slaag Helderberg se vleuel weer met 'n drie wat hulle nie kon vervyf nie. Du Toit Wessels slaag met 'n mooi drie vir Simonsberg, maar die vervyfskop het weer misluk. Met 'n voorspeler stormloop beklink Tommy Bosman finaal die wedstryd vir Simonsberg.

## Wilgenhof Mabré

**WILGENHOF het Mabré verlede Vrydag in 'n onaanskoulike wedstryd met 18–4 geklop.**

Mabré was rustyd nog met 4-0 voor maar het in die tweede helfte fatale foute gemaak wat mooi deur Wilgenhof uitgebuit en in punte omskep is. 'n Kenmerk van die wedstryd was die slordige en destruktiewe spel onder beide voor- en agterspelers. Mabré het eerste lont geruik toe Gert van Zyl (losskakel) 'n los bal naby die doellyn optel en oorval (4–0). Dit was ook die rustydtelling.

Net na rustyd slaag A. Saunders met 'n strafskop vir Wilgenhof (2–4). Wilgenhof se agterlyn het hierna meer ondernemingsgees aan die dag gelê en 'n fout van Heinrich Claassen (Mabré – heelagter) het daartoe gelei dat Zaaiman (senter) vir Wilgenhof gaan druk. Saunders vervyf en slaag ook kort daarna met 'n strafskop (10–4).

Cronjé (haker) buit hierna swak hanteerwerk van Mabré uit en val oor vir 'n drie. Saunders vervyf en is ook in die kol met nog 'n strafskop (18–4).

## Dagbreek-Maroela

**IN 'n spannende wedstryd het Dagbreek daarin geslaag om Maroela van Tukkies te klop met 10–8.**

In die tweede helfte het Dagbreek die Transvalers swaar laat leef in die vaste skrums. Maroela het egter die losbal baie goed gewen en hanteer. Aan elke kant was daar dus genoeg geleentheid om aan te val.

Vir Maroela het die vleuels Jordaan en Van der Berg elk 'n drie gedruk. Nie een kon verdoel word nie. Dagbreek se punte het bestaan uit 'n drie deur Poggenpoel, en twee strafdoele deur Potgieter. Die laaste daarvan het eers in die laaste minuut die wedstryd vir Dagbreek gewen.

GEBR Vd LINDE BROS.

MANS HAARSTILERING

*Groot verskeidenheid Wynsakke, Pype, Geskenke en Juweliersware teen 10% afslag*

NASSAU ARKADE
PLEINSTRAAT
TEL: 5590

**U.U.B. VIR AL U**

★ Boeke
★ Skryfbehoeftes
★ Afrolwerk
★ Bindwerk

**PLEINSTRAAT U.U.B.**
**STELLENBOSCH FOON 70337**

pikkie blommaert

mansuitruster stellenbosch

# KORT – SPORT

## Kanovaart

In die Wynlandse Bergrivier-kanomarathon het die Maties goed gepresteer. Sunley Uys was 2de met Gerhard Beukes in die 4de plek. M. de Villiers was 15de.

## Veldwedloop

In die Vital-marathon wat gedurende die vakansie in Bellville gehou is het die Matie John Donald gewen. F. Vermeulen en J. Sinclair het ook goed gevaar deur onderskeidelik 2de en 7de te eindig. Die Maties was derde in die spankompetisie. Die vroue-afdeling is gewen deur nog 'n Matie, L. Sinclair.

## S.A.U. – TOERNOOIE

Die Maties het goed gevaar in die sokker 2de, Pluimbal 2de en Netbal 3de te eindig. In die skermtoernooi het die Matie-dames 3de geëindig met Lynn Hugo indiviueel-sabel, 1ste.

## WEDSTRYDBEPALINGS VRYDAG 25 JULIE

| | | | |
|---|---|---|---|
| • | ELSENBURG | | COETZENBURG |
| • | ELSENBURG | VS | MABRE |
| D | DAGBREEK | VS | LIBERTAS |
| E | EENDRAG | VS | HELSHOOGTE |
| F | WILGENHOF | VS | HUIS MARAIS |
| G | HELDERBERG | VS | HUIS VISSER |
| H | OUDE MOLEN | VS | SIMONSBERG |
| | TYGERBERG | MEDIES VS | PIEKE |

AFSKOPTYD: 17h00

